Die Brandwagte van God

Hoor! Jou wagte! Hulle verhef die stem, hulle jubel almal saam, want hulle sien vlak voor hulle oë hoe die Here terugkeer na Sion. (Jes 52:8)

"BLAAS DIE BASUIN"

Pieter Pretorius

7/10/2008

Inleiding

In elke vorm van oorlogvoering is brandwagte belangrik.

In die normale sin van die woord, word wagte opgestel om mense te waarsku dat daar gevaar aan die kom is, of om mense te beskerm teen gevaar. In die eerste geval is dit gewoonlike wagte wat op ’n wagpos iewers uitgesit word en die wêreld moet bekyk en alarm maak as die vyand gesien word. In die tweede geval praat ons meerendeels van lyfwagte (bodygaurds). Hooggeplaastes maak gewoonlik van hulle gebruik en betaal mildelik vir hulle dienste.

Maar daar is ook ’n ander tipe wag. Dit is die wag waarvan die Bybel praat. Dit is ‘n persoon, maar sy opdrag is nie in die fisieke wêreld nie.

Kom ons kyk net eers na die wagte in die algemene sin van die woord:

Wagter

‘n Verklaring volgens Strongs’s Konkordansie oor die woord : WAGTER
(watchman). Drie verskillende woorde word gebruik:

6822 – tsaphah (staw-faw), to lean forward, peer into the distance, by implication, to observe, behold, espy, look up (well), wait for, keep the watch(man)

Let op hierdie een is om te kyk in die verte, letterlik om te soek vir vyandige aktiwiteite vanaf ‘n uitkykpos of wagtoring. Dit het meerendeels met die sintuiglike te doen.

8104 – shamar (shaw-mar) to hedge about, i.e. guard, to protect, attend to, beware, circumspect, take heed, keep, mark, look narrowly, observe, preserve, regard, reserve, save, wait (for), watch(man)

In hierdie geval wil dit voorkom asof dit meer intens is, jy moet fyner kyk, meer op jou hoede wees, maar daar is meer, hier is 'n beskermingsfunksie ook by. Sover ek dit verstaan het dit 'n fisiese aksie by, dis nie nou meer net kyk en rapporteer nie, dit is duidelik dat hier aktief beskerm moet word.

5341 – natshar (naw-tsar) – to guard in a good sense (to protect, maintain, obey, etc) or in a bad way (to conceal besieged, hidden thing, keep (-er, ing), monument, observe, preserve (-er), watcher (man)

Hierdie woord het ook daardie intensiewe vorm in. Jy kan nie beskerm as jy nie fisies aan die beweeg kom nie. Dink so daaraan: Jy kan nie 'n kind beskerm as jy die heeldag op 'n stoel sit en net vir hom kyk nie. Dit is hoe ek glo hierdie woord en die vorige een geinterpreteer moet word. Daar is aksie by betrokke.

Wie is wagte?

Gewoonlik is hulle soldate (Matt 27:65-66) " Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry, gaan verseker dit soos julle dit verstaan. En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in die teenwoordigheid van die wag"

Maar dit kan ook gewone burgers wees (Neh 7:3) "en ek het aan hulle gesê: die poorte van Jerusalem mag nie oopgemaak word voordat die son warm is nie, en terwyl hulle nog op wag staan, moet die deure toegesluit word, en julle moet dit dig grendel, en julle moet van die inwoners van Jerusalem wagte uitsit, elkeen op sy pos en elkeen teenoor sy huis."

Waar doen hulle diens?

Gewoonlik op wagtorings of by hekke (2 Kon 9:17) ”En terwyl die wag op die toring in Jisreël staan, sien hy die skare van Jehu, terwyl hy aankom, en hy sê: ”Ek sien ‘n skare”, toe sê Joram: ”Neem ‘n ruiter en stuur hom tegemoet, en laat hom vra: Is dit vrede?”

Op die mure van ‘n stad (Jes 62:6) ”O, Jerusalem, ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O, julle wat die Here herinner aan Sy beloftes, moenie rus nie”

In die strate van die stad (Ps 127:1) “As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou, as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.”

Rondom die tempel by spesiale geleenthede (2 Kon 11: 5-6) “Daarna gee hy hulle bevel en sê: Dit moet julle doen: ‘n derde deel van julle wat op die sabbat inkom, moet waghou by die huis van die koning en ‘n derde deel by die poort Sur, en ‘n derde deel by die poort agter die hardlopers en julle moet waghou by die huis om dit te verdedig.”

Hou wag oor die strate in die nag om orde te handhaaf (Hooglied 3:3 en 5:7) “en die wagte wat in die stad rondgaan het my aangetref. Het hulle my sielsbeminde nie gesien nie?” en “ Die wagte wat in die stad rondgaan, het my aangetref, hulle het my geslaan, my gewond, die wagte by die mure het my mantel van my afgeneem.”

In Tye van Gevaar:

Word die wag vermeerder (Jer 51:12) “Hef ‘n banier op teen die mure van Babel, versterk die wagposte, sit wagte uit, hou

hinderlae klaar; want soos die Here Hom voorgeneem het, so het Hy gedoen wat hy oor die inwoners van Babel gespreek het."

Waak hulle dag en nag (Neh 4:9; Jes 21:8) "Maar ons het tot ons God gebid en om hulle ontwil 'n wag teen hulle uitgesit, dag en nag." en "En hy het geroep soos 'n leeu. Op die wagtoring, Here, staan ek gedurig by dag, en op my wagpos stel ek my al die nagte."

Rapporteer die aankoms van vreemdelinge
(2 Sam 18:24-26) En terwyl Dawid tussen die twee poort ingange sit, het die wag op die dak van die poort op die muur geklim, en toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens 'n man alleen hardloop. Toe het die wag dit uitgeroep en dit aan die koning meegedeel. En die koning sê: As hy alleen is, dan is daar 'n goeie boodskap in sy mond. Terwyl hy al nader en nader kom, sien die wag 'n ander man hardloop en die wag het die poortwagter toegeroep en gesê: Kyk daar hardloop nog 'n man alleen. Daarop sê die koning: hy bring ook 'n goeie boodskap.
2 Kon 9:18 "en die perderuiter het hom tegemoet gegaan en gesê: so vra die koning: Is dit Vrede? Maar Jehu antwoord. Wat het jy met die vrede te doen? Volg my! En die wag het dit te kenne gegee en gesê: Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie."
Jes 21:6-7 "Want so het die Here vir my gesê: Gaan heen, sit 'n wag uit, laat hom te kenne gee wat hy sien en sien hy 'n stoet ruiters, twee aan twee, 'n stoets esels, 'n stoet kamele, dan moet hy skerp luister, so skerp as wat hy kan."

Maak alarm wanneer vyande gesien word (Ese 33:2-3) V2 "Mensekind, spreek met die kinders van jou volk en sê vir hulle: As Ek die swaard oor die land bring en die mense van die land neem 'n man uit hulle kring en stel hom as wag vir hulle aan, en hy sien die swaard aankom oor die land en blaas met die basuin en waarsku die mense..."

Waak is nutteloos sonder God (Ps 127:1) “As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou, as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.”

Beurte gemaak vir waak (Neh 7:3)” en ek het aan hulle gesê: die poorte van Jerusalem mag nie oopgemaak word voordat die son warm is nie, en terwyl hulle nog op wag staan, moet die deure toegesluit word, en julle moet dit dig grendel, en julle moet van die inwonders van Jerusalem wagte uitsit, elkeen op sy pos en elkeen teenoor sy huis.”

As hy aan die slaap raak op sy pos (Matt 28:13-14) “ En gesê: Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was, en as dit by die goewerneur gehoor word, sal ons hom tevrede stel en maak dat julle sonder sorge is”

Doodstraf as hy nie waarskuwing gee nie (Ese 33:6) “As daarenteen die wag die swaard sien kom, en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem ‘n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis”

Word dikwels ondervra (Jes 21:11) “Godspraak oor Duma. Daarop roep een my toe van Seir af: Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag?”

Ander Funksies van Wagters

Om waarskuwings van God aan te kondig - Esegiel 3:17 ”Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel, en as jy die woord uit My mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.”

Om te jubel - Jes 52.8 ”Hoor! Jou wagte! Hulle verhef die stem, hulle jubel almal saam, want hulle sien vlak voor hulle oë hoe die Here terugkeer na Sion.”

Moet God herinner aan Sy beloftes en hulle moenie rus nie
Jes 62:6 ”O, Jerusalem, ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here herinner aan Sy beloftes, moenie rus nie.”

Let op dat hierdie funksies nie meer heeltemal in die fisiese wêreld geanker is nie. Esegiël is aangestel as ‘n wagter om die volk te waarsku van God se kant af. Verder moet hierdie wagte God gedurig herinner aan sy beloftes en hulle moenie rus nie.
Nou kom ons by die volgende deel wat spesifiek fokus op die nagwaak en wat hulle verondserstel is om te doen.
Moenie die wagte in die fisiese wêreld se funksies verwar met die in die geestelike wêreld nie.

In die Geestelike Wêreld

Hierdie stryd is ‘n bietjie anders, terwyl ons in die fisiese wêreld gevare kan sien en daarop reageer, is dit heelwat meer ingewikkeld in die geestelike wêreld, wat ons nie kan sien nie. Die enigste leiding wat ons het, is die Woord van God en ons moet noukeurig daarby hou.

Die Stryd:

Efe 6:12 “ Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die magte, die owerhede, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug”
2 Kor 10:3 “ want alhoewel ons in die vlees wandel voer ons stryd nie volgens die vlees nie.”

Die Wapens wat vir ons gegee is:

Efe 6: 13-18 : Daarom neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van geregtigheid aan en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle alle vurige pyle van die bose sal kan uitblus. En neem die helm van verlossing en die swaard van die Gees, dit is die Woord van God, terwyl julle met alle gebed en smekinge by elke geleentheid bid in die Gees en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges."
Daar is egter nie net idividuele wapens verskaf nie – soos in Efesiërs beskryf nie, maar daar is ook groepwapens verskaf, vir beide verdediging sowel as aanval.

Kyk 'n bietjie hierna:
Vir die gemeente het die Heilige Gees die gawes gegee:

1 Kor 12:8-11 "Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee en aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees, aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees, en aan 'n ander werking van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."

Die mandaat!

2 Kor 10:4-5 " want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus."

So presies wat wil ons maak met die Heilige Gees as ons nie in beweging wil kom en hierdie mandaat wil uitvoer nie? Ons moet vestings neer werp en ons moet die planne van die bose verbreek en elke skans wat gegooi word afbreek sodat die Woord van God vrylik gespreek kan word, want aan ons is daar nie ‘n Gees van vreesagtigheid gegee nie.

Die ongelooflike hiervan is dat ons alreeds meer as oorwinnaars is in Jesus. Wat ons moet doen is om die stap van geloof te neem en in beweging te kom, soos wat Simson in beweging gekom het onder die krag van die Heilige Gees.

Terwyl ons individuele wapen uitrusting het om onsself te beskerm teen die bose, het die gemeente die wapenrusting van die Heilige Gees. As elke gemeentelid dan sy eie wapenrusting aan het, en saam kom, wat se magtige weermag sal dit nie wees nie? Wie sal teen so ’n weermag staande kan bly? Ons moet net besef dat ’n swaard nie net vir verdediging is nie, maar ook vir aanval, so word die genadegawes van die Heilige Gees nie net reaktief gebruik nie, ek is seker daarvan dat dit pro-aktief gebruik kan word, om siektes te voorkom en die vestings van die satan sodoende totaal kan vernietig.

Ons moet ook besef dat hierdie vestings binne mense is, en dat dit gevul is met bose geeste. As dit uitgedrywe word, moet die huis gevul word met die heerlikheid van God en dit is waar die gemeente sy hoofrol behoort te speel.

Die uitvoering van die mandaat.

Jes 62:6 ”O, Jerusalem, ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here herinner aan Sy beloftes, moenie rus nie.”

Markus 13:33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.

Lukas 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.

Efe 6:18 Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.

Die wagte is uitgeplaas, waak dan en bid, en herinner God aan Sy beloftes. Dit is die uitvoering van die mandaat! Die wagte wat moet waak en bid, is opgestel op die mure vir die hele dag en die hele nag, en hulle swyg nie en hulle rus nie.

Nou vra ons – hoekom is ons land in so ’n toestand? Waar is ons wagte wat moet waak en bid. En hierdie wagte, wat doen hulle? Breek hulle vestings af wat so ywerig deur die vyand opgestel word in die nag? Dit is alom bekend dat die vyand op sy besigste is tussen 22h00 en 3h00 in die nag. Hulle gooi skansmure op, bou vestigings, breek ons werk af, en al wat ons kan doen is - SLAAP!

Wie sal waak en bid om hierdie vestings te vernietig? Onthou niks is buite die bereik van gebed nie, behalwe dit wat buite die wil van God is, en ons ken God se wil. Want ons leer dit in Sy Woord, en Sy Gees lei ons daartoe om dit te ken.

Nou hoekom sal die Leerowerste van Israel net altyd op die verdediging wees? Wat se soort generaal sal Hy wees as dit die

geval is? Die stryd sal nooit gewen kan word nie. Nee , ons moet aktief aanval soos wat Simson gedoen het, ons moet aktief wees soos Elia en Elisa, en ons moet nie bang wees nie.

Het God dan nie 3 keer vir Josua gesê dat hy net sterk en vol moed moet wees nie? Het God nie aan hom gesê dat geen vyand voor hom staande sal bly nie? Dit is nog dieselfde God wat ons vandag dien – Dit is die God voor wie ons staan as wagters vir ons volk!

As ons nie die basuin gaan blaas nie, sal die volk se bloed van ons hande geëis word!

Wie sal staan in die raad van God?
17/11/2008

Wie sal staan in die raad van God?
Aan wie sal God sy planne bekend maak?
Is daar ‘n profeet onder julle wat gestuur kan word?
Is daar ‘n beskikbare mens aan wie ek My raad bekend kan maak, Spreek die Here?

Julle weet dat Ek alreeds deur die profeet Amos gespreek het en gesê het dat Ek niks sal doen as ek nie eers my raadsbesluite aan My profete geopenbaar het nie.
Waar dan is die profeet aan wie Ek dit kan openbaar?
Wie is beskikbaar sodat Ek hom kan stuur na My volk met My boodskappe?

Het Ek nie self die ampte van apostels en profete in my gemeente gestel nie?
Staan die kandelaar van My gemeente nie juis tussen 2 olyfbome nie?
Hoe sal sy lig dan skyn as My ampsdraers nie daar is nie?

Ek het nog nie verander nie, spreek die Here,
Soos Ek vantevore gespreek het, spreek Ek nog steeds!

Voor My aangesig staan My profete
Hulle luister in op die besluite van die ewigheid.
En My stem het nie stil geword nie, spreek die Here.

Wie sal vir my volk gaan verkondig dat genadetyd verbygegaan het?

‘n Waarskuwings Boodskap (10 Desember 2008)
Die beker van My Grimmigheid!

So spreek die Here Here,
Waarom roep julle na my?
Het ek nie vir julle gesê dat julle jul harte moet besny nie?
Het ek nie vir julle gesê dat julle alle bangoed onder julle uit moet verwyder nie?
Waarom doen julle dit dan nie?

Ek is heilig, spreek die Here,
Daarom moet julle, My kinders, ook heilig wees.
Sonder julle af en besny jul harte,
Skeur dit voor My, sodat ek julle kan herstel!

Ek het behae in jou gehoorsaamheid - spreek die Here -
Meer as in enige ander offer wat jy kan bied.

As jy My liefhet sal jy My gebooie bewaar
Sal jy My liggaam onderskei
En sal jy My krag ervaar - Spreek die Here -
En my Gees sal jou lei.

Kyk , My geregtigheid kom gou
En die maat van die heiden is volbring –Spreek die Here
Ek het boodskappers uitgestuur
En hulle blaas die basuin op Sion
Laat die dowe dan hoor,
en die blinde sien
Want die beker van My grimmigheid sal op hierdie geslag uitgegiet word.
Omdat julle jul nie laat tugtig nie!

Maak dit in die land bekend
Weet dat die geloftes en die verbonde van julle vaders
Wat julle verbreek het,
Van hierdie geslag geëis sal word.

Want julle het My nie geëer nie – Spreek die Here

Julle wagters slaap!
En hulle slaap is soet.
Weet dit dan - spreek die Here Here -
Hou vas aan My Woord en bewaar My gebooie
Want ek is die Here jou God –
Ek kan jou red!

Die Woord van die Here het tot my gekom –
19 November 2008 –
met die oggend spysoffer - 8h00

Here, in die boekrol is dit van U geskrywe
Dat U gekom het om die wil van die Vader te doen
En U het gesê: Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle
Om ook die wil van My Vader te doen.
Waarom huiwer julle dan?
Het ek nie vir julle gesê dat Ek julle nie as wese sal agterlaat nie, maar dat Ek met julle sal wees tot die voleinding van die wêreld?

Is julle nie gestel as My liggaam nie
En het Ek nie vir julle alle mag en outoriteit gegee nie
En steeds sê julle vir My
Ek kan nie, ek het nie tyd nie, ek is nie ’n goeie spreker nie?
Het ek dan nie die Heilige Gees na julle gestuur om julle te lei in alle waarheid nie?
Soos my Gees oor die profete was van ouds, en soos my Gees oor die apostels was,
So is my Gees ook oor julle en by julle
Waarom dan bekommer julle, jul oor wat julle gaan sê?
Hou My Woord nie terug nie, maar blaas die basuin op Sion
Laat elkeen wat ore het, hoor wat die Here spreek!

Het ek nie vir Josua gesê dat hy net baie sterk en vol moed moet wees nie?
Sê ek dit dan nie ook vir julle nie?
Wie van julle dink dan dat julle groter as die Meester is?
As die wêreld My verag en gehaat het, sal dieselfde nie met julle ook gebeur nie?
Maar julle weet tog dat julle meer as oorwinnaars is in My Krag!
Want Ek het alreeds alles oorwin!

Laat niks julle van My krag onderskei nie, want ons is een.
Bly dan in My en Ek sal in julle wees, soos die Vader ook in my is.
Voer My opdrag nougeset uit
Want daarin weet ek dat julle My vriende is.

Soos ek vir Gideon gesê het,
Gaan in hierdie krag,
sê ek ook nou vir julle:
Gaan in hierdie krag, en julle sal oorwin.

Verwaarloos mekaar nie in die onderlinge byeenkoms nie.
Julle eenheid van geloof maak julle sterk.
Dra mekaar se laste,
want die tydperk van smarte het begin.

My gemeente is vir my kosbaar
My gemeente is die lig van die wêreld
Steek die kandelaar aan en laat julle lig helder brand
Voed dit met suiwer olie, sodat dit ’n lig kan wees vir baie
Bring my kinders bymekaar
En ondersteun mekaar

Hef dan julle hoofde op en wees bly
Strek julle arm uit na my
En Ek sal met julle wees!
Spreek die Here Here!